# Rustenburg Gemeenskapskerk

## 25 Junie—8 Julie 2023


26 Zandstraat
Rustenburg
0299
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 270 3086
Ds. Ignatius Rademeyer - 071 675 5546
E-pos / E-mail: estavanzyl0812@gmail.com
Registration number: MPC: PBO 930046902


## Vandag by die Kerk



**09h00 - Erediens**
**10h00 - Tee en koffie**
**10h00 - Jeugtoer vertrek**

## Top Tiener Toer na Witrivier Program hoogtepunte



¶Datum: Sondag 25 Junie vertrek om 10h00 na Ella Combrink kampterrein
26 Junie – besoek Chimp-Eden naby Baberton
27 Junie – Quad bikes, boogskiet en besoek aan Perry Bridge Reptielpark by Hazyview
28 Junie – Krugerwildtuin-toer
29 Junie – Innibos fees
30 Junie—Rustenburg
¶Tema vir die week: Kom ons wees jong-mense soos Timoteus
Skakel: Ds. Theo 066 270 3086 of Maryke 082 443 4847 vir meer Inligting

### Dankies!

- Ons ouers wat betrokke is by hul kinders se geloofslewe
- Ons borge en donateurs
- Dent-tech en Lighthouse vir die busvervoer
-Al ons personeellede en jongmense

## Het jy te veel dinge en te min tyd?



Reinhold Niebuhr het 'n baie treffende gebed gebid: "Here, gee my die vrede om te aanvaar wat ek nie kan verander nie, die moed om te verander wat ek kan, en die wysheid om die verskil te ken."
Dié wysheid is baie nodig om 'n oorvol lewe reg te ruk. Maar voor 'n mens kan besluit wat om aan jou lewe te doen as jy te min tyd het, moet jy eers bestek opneem en vir jouself uitmaak hoekom jy so min tyd het. Wat is die dryfveer agter jou oorvol program? Dit sal natuurlik van mens tot mens verskil, maar enkele dryfvere is:
→jy wil hê almal moet van jou hou, daarom kan jy nie nee sê nie;
→jy wil graag die bopunt van die leer bereik, daarom moet jy harder as jou kollegas werk;
→jy het meer geld nodig om die dinge te koop wat jy graag wil hê …
As een van dié soort dryfvere jou tyd opslurp, sal jy jouself moet afvra of jou gesondheid en jou huwelik en gesin en jou vriende dit werd is, want iewers gaan iets in die slag bly. Die lewe is eenvoudig so dat jy nie alles kan doen wat jy graag wil nie. Jy moet keuses maak.
Oor die algemeen is ons geneig om te veel te gou te wil hê. Daarom gaan ons skuld aan en moet ons die kers aan albei kante brand om kop bo water te hou. Leer om jou verwagtinge en jou smaak effens af te skaal. Ry 'n bietjie langer met jou ouerige motor. Koop minder klere. Eet minder uit. Aanvaar dat jou waarde as mens nie lê in wat jy het nie, maar in wie jy is en wat jy vir ander beteken.

## -i toonbank in portaal vir:

- Nuwe lidmaat registrasie
- Nuwe selfoonnommers / E-posse adresse en veranderinge
- Inligting oor gemeente-projekte
- Inligting oor inskakeling by 'n omgeegroep,bediening, ens.
- Huisbesoek-afsprake
- Maandelikse dankoffer-reëlings
- Kategese program en registrasie
- Kerk-almanakke
- Karnaval inligting en kaartjies

## Verjaarsdae 25 Junie – 8 Julie 2023



27 – Henrico Nel, Theo Wagner
Shimelé Erasmus, Stephanie Botes
Alecia Potgieter
28– Amanda Smith
29– Talie du Plessis
30–Marlise Havenga
Len Lindeque

### Julie

1–Charlotte Jacobs, Adri jv Rensburg
Hennie Burger
2–Michelle van Straten
5–Susan Schoeman
6–Mariaan Niemand
7–Barto Giessing, Shaun Smith
8–Simon Cronje




## Dankoffers

Ons Kerk se:
- instandhouding
- groei
- hulpverlening kom @ 'n prys.

Kan jy asb. maandeliks help?
☐ EFT
☐ Stoporder



Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid
Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van
**Kaart fasiliteite beskikbaar by I-toonbank**

## Gemeentebraai 23 Julie 2023



- Kom kuier lekker saam na Sondag se erediens
- Vure word voorsien en mense kan direk na Kerk braai
- Almal sal teen 12h00 klaar geëet het
Bring slegs eie vleis, eetgerei en drinkgoed

## Voorbidding benodig



**- Ivy Swart - Paul Bezuidenhout**
**- Lien Pelser**
**- Sannette vd Walt**
**-Theunette Engelbrecht**
**- Alwyn Barnard**
**- Lien Pelser**
**- Hannetjie Barnard**

## Gospelfees in Augustus



Plan:

1. Gebruik die RHS skoolsaal as basis met lekker kos en verversingstalletjies op die grasperk. Kort erediens
2. Optrede van 'n paar Gospel kunstenaars
3. U opinie: Sal 'n Saterdag oggend/middag of Sondag oggend/middag die beste werk?
4. Kan al die omgeegroepe hieroor dink en terugvoer gee asb